UNIVERSITEIT•STELLENBOSCH•UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# Inhuldigingsrede deur prof Wim de Villiers as Rektor en Visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, Ou Hoofgebou, 29 April 2015

[Afrikaanse vertaling. Gelewerde weergawe, asook Engelse en Xhosa-vertalings, by www.sun.ac.za/rektor]

*Thank you. Molweni*. Geagte gaste, dames en here, die Raadsvoorsitter het almal reeds verwelkom; ek sê ook hartlik welkom aan elkeen. Dit is vir my 'n besonderse eer dat u almal hier is, en 'n groot voorreg om vandag hier te staan.

Onderwys is die fondament van die samelewing, en hoër onderwys die sluitsteen wat alles in plek hou. Hierdie instelling, in die besonder, is 'n juweel in die kroon van hoër onderwys in Suid-Afrika. Ek wil graag ons Raad bedank vir die vertroue wat hulle in my toon. Ek sal dit gestand doen – teenoor die hele Universiteitsgemeenskap, inklusief gesproke.

Dankie ook aan almal wat my en my familie met ope arms verwelkom het. My vrou en kinders was nog altyd vir my steunpilare. Baie dankie, Catherine, Katusha, Braam, Kelly en Gera vir jul volgehoue ondersteuning, asook ons dierbare kleindogters, Eloise en Beatrice.

Dames en here, ek voel soos 'n verlore seun wat tuis gekom het na vele omswerwinge. Ek is 'n Stellenbosser gebore en getoë. My pa, AB de Villiers, was Dekaan van Regsgeleerdheid. As klein seuntjie het ek dikwels ingeloer by sy kantoor in hierdie mooi gebou. En net om die hoek, in Huis De Villiers, het ek 'n oorlas van myself gemaak by die "groot kinders" – die studente van destyds.

Later het ek aan Paul Roos Gimnasium gematrikuleer, en aan hierdie Universiteit het ek my in Geneeskunde gekwalifiseer, en ook hier gespesialiseer in Interne Geneeskunde, voordat ek in 1992 verder gaan studeer het in Engeland, en toe lank in Amerika gewerk het.

So, ek kom van ver af, maar ek is ook hiervandaan. My grondslag is hier op Stellenbosch gelê, waarvoor ek baie dankbaar is. Dit is een van die hoofredes hoekom ek hier is – om terug te ploeg by my alma mater.

Ek is 'n trotse alumnus van die Universiteit Stellenbosch. Ek weet egter ook goed dat die Stellenbosch van vandag nie die Stellenbosch van gister is nie, en ook nie die Stellenbosch van môre nie. Dit is hoe dit hoort. Die lewe is dinamies; niks bly dieselfde nie. Dit beteken ons het altyd die opwindende geleentheid om onsself te verander, te transformeer. Dit is waarop ons moet fokus – om vorentoe te gaan.

Baie van die harde werk wat ons tot hier gebring het, is verrig deur my voorganger, wyle prof Russel Botman. Ek bring graag hulde aan hom. Ek het nooit die voorreg gehad om hom te ontmoet nie, maar ek het die grootste respek vir wat hy vermag het. Hy het Stellenbosch op 'n pad van verandering gelei, 'n reis van hoop. En vandag pluk ons die vrugte daarvan.

Om die Stellenbosch van more te bou, is 'n groot taak. Laat ek u egter verseker, my moue is opgerol – selfs al lyk dit nie so in hierdie akademiese toga en snaakse hoed nie! Ek is reg om hierdie gerespekteerde Universiteit saam met u na die volgende vlak te neem, en na die tweede eeu van sy bestaan.

Navrae / Enquiries: Tel: +27 (0)21 808 4490 | Faks / Fax: +27 (0)21 808 3714
**KANTOOR VAN DIE REKTOR & VISEKANSELIER | OFFICE OF THE RECTOR & VICE-CHANCELLOR**
Privaatsak / Private Bag X1 • Matieland, 7602 • Suid-Afrika / South Africa

So, waarheen is ons op pad? Ek het nie al die antwoorde nie. Dis nie waaroor leierskap gaan nie. Elke belanghebber het ’n stuk van die legkaart. Ons moet almal saam daaraan bou.

Soos ek van die begin af gesê het, praat ek met soveel mense moontlik om eers te verstaan wat ons situasie is, en wat dit van ons vereis. Dit is hoe ek opgelei is as dokter. Jy neem eers ’n volledige mediese geskiedenis. Dan ondersoek jy die pasiënt. En eers dan maak jy ’n diagnose en implementeer ’n behandelingsplan.

Gedagtig daaraan, stel ek hoofsaaklik twee vrae: Wat maak jou trots om ’n Matie te wees? En wat kan ons doen om die US beter te maak? Hier is van die terugvoer wat ek tot dusver ontvang het.

In antwoord op die eerste vraag het ’n student gesê: “Dit is wonderlik om my lewe met verskillende mense van regoor die land en wêreld te deel. Die gehalte van onderrig is uitstekend.” En ’n personeellid het gesê: “Die akademiese atmosfeer hier is gelykstaande aan die heel beste universiteite ter wêreld.”

Dít klop met wat ons reeds weet. Stellenbosch is een van die beste universiteite in die land. En op die gesaghebbende Times Higher Education-ranglys tel ons onder die top 300 universiteite ter wêreld, en onder die top 20 in BRICS-lande.

Dames en here, hier is ’n nuusflits. ’n Paar minute gelede is die globale embargo op die nuutste uitgawe van die *QS World University Rankings by Subject* gelig, en ek kan met trots aankondig dat Stellenbosch – en ek haal aan – “nou onder die wêreld se elite instellings tel, in 10 vakke”, waaronder Biologiese Wetenskappe, Chemie en Wiskunde. In Landbou en Bosbou is ons nommer een in die land. Alle eer aan ons personeel en studente vir hierdie prestasie.

Hierdie suksesse spruit uit ons volgehoue prestasie ten opsigte van ons eerstejaarsretensiekoers en ons algehele studentesuksesvlak, wat konstant bo 85% is. Dit is ook die gevolg van ons volgehoue prestasie in navorsing. Ons navorsingsuitsette is van die hoogste in die land, en ons navorsingsinkomste het ook beduidend gestyg. Wat ook ’n belangrike rol speel, is ons betrokkenheid by die gemeenskap om oplossings te help vind vir ontwikkelingsuitdagings en probleme in die samelewing.

Dit is hoekom u my dalk al hoor sê het dat in my professionele opinie as mediese dokter die US “fiks en gesond” is. Dit beteken egter nie dat daar geen ruimte vir verbetering is nie. Dit blyk duidelik uit van die konstruktiewe antwoorde op my tweede vraag, Wat behoort gedoen te word om die US ’n beter plek te maak? Daar was heelwat voorstelle oor parkering op kampus, en verbasend min oor salarisse, wat vir my verblydend is.

Maar in ernstiger luim, daar is wel kommer uitgelig oor transformasie, inklusiwiteit en diversiteit, en ook ons institusionele kultuur en simbole op kampus. Daar is ook kommentaar oor ons taalbeleid, wat deur sommige mense as uitsluitend ervaar mag word.

Dui hierdie kommentaar bloot op die normale kwale en skete van ’n universiteit in sy laat negentigerjare? Of dui dit op ’n onderliggende toestand wat ons welstand as instelling bedreig? Kom ons ondersoek dit verder.

Die noodsaaklikheid vir transformasie is vir ’n geruime tyd al deel van die Suid-Afrikaanse landskap – ook in hoër onderwys. Dit lyk vir my of daar op twee maniere oor transformasie gedink kan word. Aan die een kant hou dit verband met die nodigheid vir verandering in die lig van Suid-Afrika se geskiedenis van rassediskriminasie en -uitsluiting. En aan die ander kant is transformasie in onderrig en navorsing ’n imperatief om die toekoms wat ons wil hê, te bou – vir onsself, vir ons Universiteit, vir ons land en vir ons kontinent.

Ek fokus dan nou eerstens op die regstelling van die foute van die verlede. In hierdie verband het die US in die jaar 2000 ’n belangrike stap geneem toe hy formeel sy “bydrae tot die ongeregtighede van die verlede” erken het. Dit is vervat in ’n beleidsdokument genaamd *’n Strategiese raamwerk vir die eeuwisseling en daarná*, wat beslag gekry het in prof Andreas van Wyk se tyd as Rektor.

Wye en diepgaande bespreking het daartoe gelei dat die Universiteit verantwoordelikheid vir die verlede aanvaar het. Hiermee het die Universiteit om verskoning gevra vir apartheid, wat ek graag wil herhaal.

Die Universiteit het egter nie daar gestop nie, maar ook ’n verbintenis verklaar tot “regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe” – spesifiek om toegang tot die Universiteit te verbreed vir diegene wat in die verlede uitgesluit is bloot op grond van velkleur.

Vandag is inklusiwiteit een van die hoekstene van ons nuwe beleidsraamwerk, ons *Institusionele Voorneme en Strategie*, wat in 2013 onder prof Russel Botman deur die Raad aangeneem is. In 1990, die jaar waarin Nelson Mandela vrygelaat is, het Stellenbosch 762 swart, bruin en Indiër-studente gehad. Vandag het ons meer as 11 200, of bykans 38% van ons studentekorps. En ons gaan nog verder vorder die volgende paar jaar. Ek glo ons kan dit doen.

As ons kyk na ons personeeldiversiteit, is 43% van ons werknemers swart, bruin of Indiër – alhoewel hierdie syfer na 20% daal ten opsigte van akademiese personeel. Daar is dus inderdaad baie ruimte vir verbetering. Dít is ook die geval ten opsigte van die verteenwoordiging van vroue, veral op senior akademiese en bestuursvlakke. Op albei fronte – ras en geslag – werk ons egter hard daaraan om groter gelykheid te bereik, en ek glo ons kan dit doen.

Ons moet sorg dat die US ’n plek is waar almal welkom voel. Veral namate ons meer inklusief en divers raak, is dit belangrik dat elke Matie voel hierdie plek is ook sy of haar plek, ’n kwessie wat prof Chris Brink reeds in 2004 as Rektor geopper het. Ons kan dit doen – daaraan twyfel ek nie vir ’n oomblik nie.

Daar is ’n argument dat ons nie voldoen aan die behoeftes van ons studente wat nie Afrikaans magtig is nie. Die teendeel word ook aangevoer.

Wat ons moet doen, is om eerstens te besef onderrigtaal is ’n komplekse kwessie wat versigtige oorweging en deeglike bespreking vereis. Kom ons neem dan as ons uitgangspunt die US se nuwe Taalbeleid, wat in November verlede jaar deur die Raad aanvaar is – ’n beleid wat meertaligheid voorstaan. Hiervolgens is die US verbind tot Afrikaans as akademiese taal, maar gebruik ons ook Engels om alle Suid-Afrikaners toegang te gee, en bevorder ons Xhosa waar doenlik.

Stellenbosch is nie ’n Afrikaanse universiteit nie; Stellenbosch is nie ’n Engelse universiteit nie; Stellenbosch is nie ’n Xhosa universiteit nie; Stellenbosch is ’n wêreldklas meertalige Suid-Afrikaanse universiteit – een van min in hierdie kategorie, wat bitter nodig is in ’n land met 11 amptelike tale. Dit is hoe ons probeer verseker dat taal nie ’n versperring tot toegang is nie, maar ’n hulpmiddel vir sukses – veral in diverse opvoedkundige konteks.

Dames en here, die kwessie van Suid-Afrikaanse universiteite se institusionele kultuur en die pas van transformasie geniet tans baie aandag, en Stellenbosch is noodwendig deel van hierdie debat. Nóú is die tyd om die denkleierskap wat ons nastreef, te beoefen. Ons kan van die huidige debat ’n positiewe groeigeleentheid maak. Hoe so? Deur indringend te kyk na ons vordering – in sowel hierdie jong demokrasie van ons wat eergister mondig geword het, as hier by Stellenbosch, waar ons oor drie jaar eeufees vier.

Ons moet praat oor waar ons staan en waarheen ons op pad is. Daarvoor het ons ’n konstruktiewe gesindheid nodig. Dit moet ’n “gesprek sonder grense” wees, soos Johan Degenaar, dit noem. Of ’n “oop gesprek”, wat deur NP van Wyk Louw gedefinieer is as “gesprekke waarin jy oor alles kan praat; waar geen standpunt te ‘gewaagd’ is nie, en wat nooit in belediging, twis of woede ontaard nie”.

Die “oop gesprek” is enersyds “die vrye uitspreek van eie mening” en andersyds “die aandagtige luister na die mening van ander, sodat ’n wisselwerking ontstaan.” As jy hierdie wisselwerking tussen “sê” en “luister” het, kry jy ’n sterk “sirkulasie van gedagtes”. En dít, sê Van Wyk Louw, is “so noodsaaklik soos bloedsomloop vir die liggaam”.

Dames en here, as medikus kan ek bevestig bloedsomloop is absoluut onontbeerlik! As ons nie vrylik kan sê wat ons op die hart het nie, en as ons nie regtig na mekaar luister nie, is die prognose nie goed nie. As daar egter ’n sterk “sirkulasie van gedagtes” is, kom die bloeddruk weer reg en die kleur terug in die gelaat, want daar ontstaan “wederkerige begrip” en “gemeenskaplike oortuiging”.

Dit is wat benodig word in die transformasiedebat – gesprekvoering sonder grense, ’n oop debat waarin idees vrylik kan sirkuleer, en waardeur ons by wederkerige begrip kan uitkom. Ek weet ons kan dit doen.

Dit bring my by die tweede manier om oor transformasie te dink – as noodsaaklikheid vir die skep van die toekoms wat ons wil hê. Dit geld veral vir universiteite, in al drie ons kernaktiwiteite – leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

In die voorportaal van ons Opvoedkundegebou is daar ’n aanhaling van Madiba wat gereeld gebruik word, maar steeds geldig is: “*Education is the most powerful weapon which you can use to change the world*” (“Onderwys is die kragtigste wapen wat jy kan gebruik om die wêreld te verander”). Interessant genoeg is dieselfde aanhaling in die ingang van die hoërskool in die binnestad-area van Los Angeles waar ons seun, Braam, skoolhoof is. Dit getuig van die universele geldigheid en aantrekkingskrag van die idee.

Kofi Annan, voormalige Sekretaris-Generaal van die VN, het onderwys beskryf as “’n mensereg met die mag om te transformeer”. Laat ons dit analiseer: transformasie deur onderwys. Dit beteken sonder onderwys kan daar geen transformasie wees nie – want “dit is op die fondament van opvoeding wat die hoekstene van vryheid, demokrasie en volhoubare mense-ontwikkeling rus.”

Om te leer – en om te onderrig – is om te transformeer. Dit verander lewens. Ek het self die mag van onderwys ervaar, en het al herhaaldelik gesien hoe ’n passie vir kennis en uitnemendheid ons meesleur.

Die filosoof Alfred North Whitehead het gesê dat “die taak van ’n universiteit is om toekoms te skep”. Wat ’n kragtige idee: Die taak van ’n universiteit is om die toekoms te skep. Hoe doen ons dit? Whitehead sê universiteite “gee die brandende fakkel van hand tot hand aan”. Dít is transformasie in aksie – die aangee van die lig van persoon tot persoon.

Ek deel graag met u ’n storie wat hierdie idee goed illustreer. Dit gaan oor een van ons studente, Claudia Ntsapi. Sy het pas by ons begin met haar PhD in Fisiologie, nadat sy in Maart vanjaar haar MSc-graad hier verwerf het.

Claudia het in Eldoradopark, Johannesburg, grootgewond, waar sy aan Kliptown Sekondêre Skool gematrikuleer het. Sy wou graag universiteit toe gaan om Chemiese Ingenieurswese te gaan studeer, maar moes eers haar punte verbeter. Baie leerders in ons land ervaar hierdie probleem. Hulle beskik oor die nodige talent en motivering, maar ervaar struikelblokke weens agterstande in ons skoolstelsel.

Toe hoor Claudia van ’n oorbruggingsprogram genaamd SciMathUS, wat staan vir *Science and Mathematics at the University of Stellenbosch* (Wetenskap en Wiskunde aan die US). Sy het ingeskryf, uitstekend gevaar en vinnig besef sy wil eintlik BSc studeer.

Sy sê, “SciMathUS het vir my deure oopgemaak, my ’n tweede kans gegee, asook die geleentheid om my ware passie te ontdek.”

Sedert 2002 het meer as 1 100 studente die SciMathUS-program voltooi, en baie van hulle het daarna universiteitsgrade in geneeskunde, ingenieurswese, wetenskap en die ekonomiese en bestuurswetenskappe verwerf. Dit is 1 100 jong Suid-Afrikaners wat deur opvoeding omvorm is, en van hulle af kring weer ’n uitwerking reg deur die res van die samelewing.

Claudia, baie geluk met jou inspirerende reis tot dusver! En sterkte met jou verdere studies. Jy wys die wêreld wat gedoen kan word. In die hoër onderwys kan ons transformasie bewerkstellig deur menslike potensiaal raak te sien en te ontwikkel, en deur voortdurend op uitnemendheid te fokus.

Dit bring my by ’n baie belangrike punt uit wat ek dikwels herhaal omdat ek so sterk voel daaroor. In die voorportaal van die Mayo Kliniek in Rochester, Minnesota, is daar ’n aanhaling uit ’n toespraak deur die hospitaal se stigter, dr Will Mayo. Hy het in 1910 by die gradeplegtigheid van ’n groep dokters gesê, “The best interest of the patient is the only interest” (“Wat in die beste belang van die pasiënt is, is al wat van belang is”).

By Stellenbosch kan ons dit gerus wysig om te lui, “Wat in die beste belang van die student is, is al wat van belang is.” Dit is vir my ’n prioriteit, en dit sluit studentesukses in.

Ek wil hê die Universiteit moet studente ’n ervaring bied wat aangenaam, verwelkomend, veilig en gasvry is – in ’n inklusiewe omgewing. Ons kan dit doen.

Ons voor- en nagraadse studente moet ’n uitstekende opvoeding ontvang wat hulle ’n mededingende voordeel in ’n snelveranderende wêreld gee. En die jongste tegnologie moet hiervoor ingespan word,

want virtuele leer en onderrig raak al hoe belangriker. Studente het deesdae heeltyd toegang tot kennis, van enige plek af. Hulle dra hele biblioteke op hul slimfone rond, kry lesings op die internet, en kommunikeer blitsvinnig via sosiale media.

Die US beproef ook hierdie nuwe waters. Die Raad het aansienlike bronne beskikbaar gestel vir 21ste-eeuse tegnologie in leer en onderrig. Ons plaas die klem op die vermengde model. Hiervolgens vervang tegnologie nie kontaksessies nie, maar word dit gebruik om leer en onderrig te verryk.

Benewens ʼn plek van leer en onderrig, is ʼn universiteit ook ʼn plek van navorsing – en dít is ook ʼn aktiwiteit wat transformeer, wat omvorm, wat die mag het om die wêreld te verander, insluitend hoe mense dink. Die samelewing kyk toenemend na universiteite vir oplossings vir beide plaaslike probleme en wêreldwye krisisse op terreine soos die omgewing, konflikbestuur, gesondheid, water, voedselsekerheid, volhoubare energie en maatskaplike kohesie.

Die Amerikaanse joernalis en kulturele kritikus HL Mencken het gesê, “Vir elke komplekse probleem is daar ʼn antwoord wat duidelik en eenvoudig is ... en verkeerd!” Dit is omdat die wêreld gekonfronteer word deur wat John Kao “wicked problems” noem – verwikkelde, uiters komplekse uitdagings bestaande uit verweefde komponente, en die potensiële oplossings vir hierdie uitdagings vereis kreatiewe, interdissiplinêre denke.

Die US as navorsingintensiewe instelling kan hiermee help. Ons uitdaging is om plaaslik relevant te wees, en terselfdertyd globaal mededingend. Ons moet fokus op unieke areas waarin ons bepaalde kundigheid het, en ons moet samewerkingsnetwerke in Suid-Afrika, die res van ons vasteland en wêreldwyd bou. Ek is vas oortuig ons kan dit doen.

Dames en here, in sy boek *Good to Great* gebruik Jim Collins die frase “Big Hairy Audacious Goals” – daardie visionêre ambisies wat ons tot groter hoogtes aanspoor, soos NASA se strewe om maan toe te gaan, die Wêreldgesondheidsorganisasie se strewe om polio uit te wis, Google se strewe om die hele wêreld se inligting te organiseer en dit universeel toeganklik en bruikbaar te maak.

Val die doelwitte van ons Universiteit in hierdie kategorie? Ek dink beslis so. Ons Visie 2030 deel die strewe van ons land se Nasionale Ontwikkelingsplan om ʼn Suid-Afrika te skep wat vir almal werk. Ons wil ʼn Universiteit skep wat vir almal werk – ʼn nasionale bate, inderwaarheid ʼn kontinentale en globale bate, wat help om die wêreld ʼn beter plek te maak deur oplossings vir verwikkelde probleme soos armoede, ongelykheid en werkloosheid in ons samelewing te vind.

Dit is juis om hierdie rede dat die onlangse xenofobiese geweldpleging in ons land so laakbaar is. Suid-Afrika is internasionaal bekend vir ons progressiewe Grondwet, maar dit beteken bitter min as ons burgers geen agting vir die menswaardigheid en regte van ander mense het nie.

Ons is trots op die feit dat die US meer as 4 000 internasionale studente het, wat sowat 14% van ons studenteliggaam uitmaak. Hulle is afkomstig van 117 lande van regoor die wêreld – 56% van ander Afrika-lande. Hulle verryk ons, en daarom sê ons “Nee!” vir xenofobie.

Dames en here, dit is vir ons baie belangrik om impak op die samelewing te maak. Ek het reeds met Burgermeester Sidego gepraat, en saam gaan ons toesien dat die Stellenbosch Rektors-Burgermeestersforum aktief en gereeld aandag aan sake van gemeenskaplike belang skenk. Die US streef nog altyd na diensbaarheid en gemeenskapsbetrokkenheid. Aanvanklik was “gemeenskap” eng gedefinieer, maar mettertyd het daar ʼn evolusie gekom – van die US as “volksuniversiteit”, na “nasionale bate” wat nie net sommige mense van diens is nie, maar die hele gemeenskap.

Ons het foute gemaak in die verlede, en dit is belangrik om verskoning te vra, en bande te probeer herstel. Dit het ons begin doen in 2000 met die erkenning van die Universiteit se “bydrae tot die ongeregtighede van die verlede”.

Meer onlangs, in 2012, het Dagbreek Manskoshuis apologie aangeteken vir die Slag van Andringastraat in 1940, toe studente met swart en bruin inwoners van Die Vlakte – ʼn gebied van Stellenbosch net hier langs ons – slaags geraak het.

Prof Botman het gesorg dat daar ʼn permanente, omvangryke uitstalling in die Universiteitsargief in die Wilcocksgebou ingerig is om ons te herinner aan die gedwonge verskuiwings uit Die Vlakte in die 1960’s.

Hierdie verskuiwings het skeiding gebring omdat die Universiteit as ’n instansie nie destyds teen die uitsettings geprotesteer het nie, en ook omdat die Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou later op onteiende grond opgerig is.

Ek kondig nou met nederigheid aan dat die Universiteit – in die belang van regstelling en in die gees van wat prof Nico Koopman, Dekaan van die Fakulteit Teologie, “helende versoening” noem – ’n beursfonds stig vir die kinders van Die Vlakte, die nakomelinge van hulle wat ontwortel is.

Verlede jaar het die US R588 miljoen in beurse en lenings aan 37% van ons studente uitbetaal. Hiervan het 55% aan swart, bruin en Indiër-studente gegaan, gebaseer op meriete en finansiële behoeftigheid. Aangesien groter diversiteit vir ons ’n prioriteit is, wil ons selfs meer werwingsbeurse toeken. Dit is ’n gulde geleentheid vir bemagtiging.

Ek reik graag uit na lede van die gemeenskap oral. Kom ons beweeg almal saam vorentoe. Dit sal die belangrikste strewe van my tyd as Rektor en Vise-Kanselier wees: Vorentoe, Stellenbosch! *Forward! Siyaya!*

As daar struikelblokke in ons pad is, laat ons hulle verwyder – soos die HF Verwoerd-gedenkplaat in ons Rekeningkunde- en Statistiekgebou. Hierdie plakket gaan verwyder en in die Universiteitsmuseum geplaas word, en daar behoorlik gekontekstualiseer te word. Ons sal dit doen in konsultasie met alle belanghebbers, waaronder studente, personeel, alumni en die breë gemeenskap. Dit gee ons die geleentheid om in oop gesprek te tree oor visuele elemente en simbole op kampus, soos wat dit ’n plek van opvoeding en kritiese denke betaam. Dit sal ons help vorentoe gaan.

Dames en here, die US het diep wortels in hierdie land, en daar is twee aspekte wat nog altyd soos ’n goue draad deur ons geskiedenis loop: uitnemendheid en diensbaarheid. Deur hierop te fokus – op inklusiewe wyse – sal ons floreer.

Ons benader ons volgende eeu in diepe verbintenis tot ons gemeenskap en ons land, en die waardes van ons Grondwet.

Baie dankie, dames en here. *Thank you very much. Enkosi kakhulu.*